NG GEMEENTE FICHARDTPARK

Vakature - Voltydse Leraarspos

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van Bedienaar van die Woord.

Die omgewing: Fichardtpark is ’n woongebied in die suide van Bloemfontein, wat bestaan uit ongeveer 1000 wooneenhede oor die hele spektrum van enkel-woonerwe en meenthuiskomplekse, asook twee aftreeoorde. Die woongebied het ’n goed gevestigde infrastruktuur wat insluit twee NG Gemeentes, Gereformeerde, asook Hervormde Gemeentes en ’n aantal ander denominasies, skole en winkelkomplekse.

Visie: God roep en stuur die NG Gemeente Fichardtpark om, onder leiding van die Heilige Gees, 'n verskil in alle mense se lewens te maak.

Gemeenteprofiel:

Bediening: Die bediening bestaan uit alle fasette soos erediens, kategese asook toerustings geleenthede.

- Kategese word in klasverband gedoen.
- Toerusting word onder andere gedoen deur die Veritas program, Bybelskool, Bybelstudie en ad hoc-geleenthede.
- Klem word geplaas op die samewerking met omliggende gemeentes, soos gesamentlike Pinksterdienste, Diens van Barmhartigheid, Sending, ensovoorts.
- Fichardtpark Gemeente het ongeveer 700 lidmate.

Leraarsprofiel:

- Aansoekers moet ondervinding hê van alle fasette van die gemeentebediening.
- Voorkeur sal gegee word aan aansoekers met ’n paar jaar bedieningservaring.
- Die ampspligte sal nagekom word soos omskryf, met artikel 9 van die Kerkorde as riglyn.

Vergoeding: Volgens sinodale riglyne waarby ’n behuisingsubsidie ingesluit sal wees.

Aansoeke:

- Daar sal van aansoekers verwag word om 'n vraelys te voltooi.
- ’n Kandidaat mag versoek word om ’n (MBTI - Myers-Briggs Type Indicator)-toets af te lê.
- **Sluitingsdatum vir aansoeke**: 17 Augustus 2018
- **Diensaanvaarding**: 1 April 2019

Die Kerkraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling uit die aansoeke te maak nie

Besonderhede en vereistes vir die aansoek is beskikbaar by die onderstaande adres:

Mev Reneé Ferreira
E-pos: ngfpark@xsinet.co.za
Tel: 051 522 5418 (k) / 072 827 4311

Ons nooi jou uit om saam met ons die gemeente verder uit te bou en daardeur ’n verskil in die lewens van alle mense te maak.